



TRANSPARENCY IS LIFE

FARM SELL DIRECT

We give you options! Pay only 3% professional fee (excl. VAT)
www.propertyselldirect.co.za - info@propertyselldirect.co.za

29 Riebeeck Street
Worcester
6850

Tel: 023 342 2214
Fax: 086 542 3258

BEMARKINGSOORENKOMS

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

BRIAN REED PROPERTIES BK handeldrywend as **FARM SELL DIRECT**
(Registrasieno. 2001/007554/23)

Adres: **RIEBEECKSTRAAT 29A**
WORCESTER
6850

E-pos: info@farmselldirect.co.za
Telefaks: **086 542 3258**
Selfoonno. **082 339 7567**

(hierna die **Bemarkingsagent** genoem)

en

Die Eienaar(s):

1. Volle naam : _____

Van: _____

ID: _____

Adres: _____

Kontaknommer(s)

Sel: _____

Landlyn: _____

E-posadres: _____

2. Volle naam : _____

Van: _____

ID: _____

Adres: _____

Kontaknommer(s)

Sel: _____

Landlyn: _____

E-posadres: _____

(hierna die **Verkoper** genoem)
ten opsigte van die besigheid en/of eiendom naamlik:

Parafeer:

Eiendom wat verkoop word se volledige title aktebeskrywing:

Plaas naam: _____

Aktebeskrywing:

_____(hierna die *eiendom* genoem)

Nademaal die Verkoper van voorneme is om die voormelde eiendom te verkoop;
en nademaal die Bemerkingsagent bereid is om bystand aan die Verkoper te verleen met die adverteer, bemarking en verkoop van sy eiendom;
en nademaal die Verkoper van die Bemerkingsagent se bystand met betrekking tot die bemarking en verkoop van die eiendom gebruik wil maak;
nou derhalwe kom die partye soos volg ooreen:

1. BEMARKING

- 1.1 Die Bemerkingsagent sal aan die Verkoper bystand verleen met die adverteer en plasing van foto's en voldoende inligting op die internet en media ten einde die Verkoper in staat te stel om bogenoemde eiendom te verkoop.
- 1.2 Die Bemerkingsagent sal die name van enige potensiële Kopers wat aan die eiendom bekendgestel word op watter manier ookal, aan die verkoper of sy/haar kontakpersoon kommunikeer d.m.v. van SMS of e-pos.
- 1.3 Die Verkoper onderneem om geen afspraak deur 'n ander agent toe te laat vir die potensiële kopers wat deur die Bemerkingsagent aan die eiendom bekendgestel is nie.
- 1.4 Die Bemerkingsagent sal afsprake maak vir besigtig van die eiendom op versoek van die potensiële kopers.
- 1.5 Die Verkoper stem in om 'n besoekersregister te laat invul deur alle kliënte wat die eiendom besoek en besigtig. Dit sluit in shouhuis-besoekers, privaat belangstelling, enige amptelike afsprake of kliënte van ander agentskappe.
- 1.6 Nadat enige koper die eiendom besigtig het, sal die Verkoper die Bemerkingsagent d.m.v. 'n SMS of e-pos in kennis stel. Sodanige SMS of e-pos sal die eiendom se adres en die potensiële koper se besonderhede insluit.
- 1.7 Die Bemerkingsagent sal die potensiële kopers opvolg vir terugvoer en enige aanbod en onderhandelinge fasiliteer.
- 1.8 Die Verkoper sal nie die Bemerkingsagent aanspreeklik hou vir enige nadeel wat mag ontstaan a.g.v. die verkoper se kontak met 'n potensiële koper nie.

Parafeer:

2. VERGOEDING

2.1 Opsie 1: **Verkoper wys sy/haar eie eiendom; Professionele fooi: 3% (Plus BTW)**

Indien die **Verkoper** hierdie bemarkingsooreenkoms teken en aan **Farm Sell Direct** terugbesorg en self die bogenoemde eiendom aan enige potensiële kopers wys, sal die Verkoper aanspreeklik wees om, wanneer die eiendom verkoop word, aan die Bemarkingsagent 'n professionele fooi te betaal bereken teen **3% (drie persent) van die bruto verkoopsprys van die eiendom plus Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)** teen die voorgeskrewe koers.

2.1.1 Minimum bedrag

'n Minimum bedrag van R25 000 (Vyf en twintig duisend Rand) plus BTW is betaalbaar indien die 3% plus BTW minder as die bogenoemde bedrag is.

2.1.2 Indien van Bemarkingsooreenkoms

Die Verkoper kan slegs aanspraak maak op die professionele fooi soos hierbo omskryf indien die verkoper die bemarkingsooreenkoms volledig voltooi, op elke bladsy parafeer, ten volle teken op bladsy 5 en die bemarkingsooreenkoms suksesvol aan die Bemarkingsagent besorg.

2.2 Opsie 2: **Verkoper se Kontakpersoon of Huurder wys die Verkoper se eiendom; Professionele fooi: 3,5% (Plus BTW)**

Indien die **Verkoper** hierdie bemarkingsooreenkoms teken en aan **Farm Sell Direct** terugbesorg en die bogenoemde eiendom aan enige potensiële kopers gewys word deur die huurder of kontakpersoon, sal die Verkoper aanspreeklik wees om, wanneer die eiendom verkoop word, aan die Bemarkingsagent 'n professionele fooi te betaal bereken teen **3,5% (drie komma vyf persent) van die bruto verkoopsprys van die eiendom plus Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)** teen die voorgeskrewe koers.

2.2.1 Minimum bedrag

'n Minimum bedrag van R30 000 (Dertigduisend Rand) plus BTW is betaalbaar indien die **3,5% plus BTW** minder as die bogenoemde bedrag is.

2.2.2 Vergoeding aan huurder of derde party

Die Bemarkingsagent sal aan die derdeparty (personeellid, buurman of huurder) 3.5% van die professionele fooi, as vergoeding betaal op voorwaarde dat die verteenwoordiger die eiendom aan die spesifieke koper gewys het en 'n suksesvolle transaksie gesluit word terwyl die huurder die eiendom okkupeer.

2.2.3 Indien van Bemarkingsooreenkoms

Die Verkoper kan slegs aanspraak maak op die professionele fooi soos hierbo omskryf indien die verkoper die bemarkingsooreenkoms volledig voltooi, op elke bladsy parafeer, ten volle teken op bladsy 5 en die bemarkingsooreenkoms suksesvol aan die Bemarkingsagent besorg.

Parafeer:

2.3. **Opsie 3: Farm Sell Direct wys die Verkoper se eiendom;
Professionele fooi: 5,5% (Plus BTW)**

Indien die Verkoper die opsie uitoefen dat **Farm Sell Direct** die volledige diens lewer en die potensiële kopers met die besigtiging van die eiendom vergesel, sal die Verkoper aanspreeklik wees om, wanneer die eiendom verkoop word, aan enige potensiële kopers wat op watter manier ookal **deur Farm Sell Direct** aan die eiendom bekend gestel is, aan die Bemarkingsagent 'n professionele fooi te betaal bereken teen **5,5% (Vyf komma vyf persent) van die bruto verkoopsprys van die eiendom, plus Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)** teen die voorgeskrewe koers.

2.2.1 Minimum bedrag

'n Minimum bedrag van R35 000 (Vyf en dertig duisend rand) plus BTW is betaalbaar indien die 5.5% plus BTW minder as die bogenoemde bedrag is.

- 2.4 Die Verkoper se verpligting om die professionele fooi te betaal, is nie afhanklik daarvan dat die Bemarkingsagent noodwendig die effektiewe oorsaak tot die transaksie moes wees nie of dat die Koper noodwendig op 'n advertensie van die Bemarkingsagent moes gereageer het met betrekking tot die koop van die eiendom nie. **Gevolgtik stem die Verkoper toe dat enige sogenaamde "Privaat Verkoop" deur die Bemarkingsagent gefasiliteer sal word, vir soverre dit die onderhandelingsproses en/of die kontrak mag aangaan.**

Die Verkoper se voorkeur is (Merk voorkeur): 2.1 2.2 2.3

- 2.5 Die volgende potensiële kopers is deur die eienaar self aan die eiendom bekendgestel voor die datum van ondertekening en klousule 2.4 sal nie op hulle van toepassing wees nie:

(Volle Name, Vanne en ID nommers) (Haal klousule 2.5 deur indien nie van toepassing)

- 2.6 Indien die Verkoper se eiendom deur 'n **ander agent of agentskap verkoop** word aan wie die Verkoper kommissie moet betaal, sal daar **geen professionele fooi betaalbaar** wees aan die Bemarkingsagent vir sy dienste gelewer nie, tensy die bemarkingsagent die eiendom aan die koper bekendgestel het.
- 2.7 Hierdie ooreenkoms kan te eniger tyd deur die verkoper gekanselleer word deur skriftelike kennisgewing aan die Bemarkingsagent, maar die vergoedingsbepaling(s) in hierdie ooreenkoms sal dan steeds van krag wees ten opsigte van potensiële kopers wat by kansellasiereeds aan die eiendom bekendgestel is, op watter manier ookal.

Parafeer:

3. OORDRAGPROKUREUR

- 3.1 Die Verkoper stel hiermee aan as prokureur om oordrag van die eiendom te behartig die ondervermelde firma:

Prokureursfirma se naam : _____
 Kontakpersoon : _____
 Telefoonnommer : _____
 Telefaksnommer : _____
 E-posadres : _____
 Posadres : _____

(Een van die paneel prokureurs of 'n prokureur van die Verkoper se keuse kan hier ingevul word.)

- 3.2 Die Bemerkingsagent sal geregtig wees om met die prokureur wat die transaksie sal hanteer, in verbinding te tree en hom in kennis te stel van sy aanstelling.
- 3.3 Die Verkoper verleen hiermee magtiging aan die prokureur wat die kooptransaksie van die eiendom hanteer om enige inligting rakende die transaksie aan die Bemerkingsagent bekend te maak sonder om eers die Verkoper se toestemming te verkry en om die kommissie-oorbetaling aan die Bemerkingsagent te doen soos hierbo vermeld.
- 3.4 Die verkoper versoek en magtig hiermee die oordragprokureur (ongeach wie die prokureur is) om die bovermelde kommissie namens die verkoper uit die opbrengs van die verkoop van die eiendom aan die Bemerkingsagent oor te betaal.

Geteken deur die **Verkoper** te _____ op hede die ____ dag van _____ 20__ in die teenwoordigheid van die volgende getuies:

1. _____
Getuie **1. Verkoper (Volle handtekening)**

2. _____
Getuie **2. Verkoper (Volle handtekening)**

Geteken deur die **Bemerkingsagent** te _____ op hede die ____ dag van _____ 20__ in die teenwoordigheid van die volgende getuies.

1. _____
Getuie

2. _____
Getuie **Bemerkingsagent**

AANSTELLING AS PROKUREUR (Prokureursfirma vul in)

AANVAARDING VAN AANSTELLING AS PROKUREUR

Ek, die ondergetekende, aanvaar hiermee my aanstelling as prokureur vir die Verkoper soos in hierdie ooreenkoms vermeld en onderhewig aan die terme soos vervat in hierdie ooreenkoms.

Prokureursfirma se naam : _____
Kontakpersoon : _____
Telefoonnommer : _____
Telefaksnommer : _____
E-posadres : _____
Posadres : _____

Geteken te _____ op hede die ____ dag van _____ 20__.

Handtekening

*Voorletters en van
(Namens prokureursfirma)*